**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 17 MEI 2026**

# SEWENDE SONDAG VAN PASE

## GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Vir al die mense wat deur die afgelope week se stormweer beïnvloed is***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Johannes 7:37-39; Handelinge 2:1-21; Psalm 104:24-34, 35b; 1 Korintiërs 12:3b-13; Johannes 20:19-23**

| **SONDAG, 17 MEI** | |
|---|---|
| | PINKSTER BEGIN |
| 09:00 | Oggenddiens – ds Adriaan Vogel<br>Doop<br>Kleuter- en Kinderkerk<br>Deuroffer ten bate van: Bybelverspreidingsfonds<br>Erediensspan 3 – Elda vd Merwe |
| | **Na afloop van die Erediens**<br>• Gemeentetee<br>• Senior Kategese |
| 19:00 | Pinksterbiduur<br>• Erediensspan 4 – Robert Rootman |
| **MAANDAG, 18 MEI** | |
| 09:30 | Pinksterbiduur |
| 19:00 | Pinksterbiduur |
| **DINSDAG, 19 MEI** | |
| 09:30 | Pinksterbiduur |
| 19:00 | Pinksterbiduur |
| **WOENSDAG, 20 MEI** | |
| 09:30 | Pinksterbiduur |
| 19:00 | Pinksterbiduur |
| **DONDERDAG, 21 MEI** | |
| 09:30 | Pinksterbiduur |
| 19:00 | Pinksterbiduur |
| **Sopkombuis** | |
| **Sopkokers:** | Rosa Brand, Marita Pienaar, Hannelie Viljoen, Wilma Steer, René Arendse, Marietjie Basson |
| **Sop warm maak beurt:** | Surina Viljoen |

| VRYDAG, 22 MEI | |
|---|---|
| 09:30 | Pinksterbiduur |
| **SATERDAG, 23 MEI** | |
| | |
| **SONDAG, 24 MEI** | |
| | PINKSTERFEES |
| 09:00 | Oggenddiens<br>NAGMAAL<br>Kleuter- en Kinderkerk<br>Deuroffer ten bate van: Hawesending<br>Erediensspan 1 – Lorraine Louw |
| | **Na afloop van die Erediens** |
| • | Senior Kategese |
| **GEEN** | Gemeentetee |

# GEMEENTENUUS



1. Die volgende baba word vanoggend gedoop:
   Alara Wessels, dogtertjie van Renier en Lizaan Wessels
2. Kobus Bouwer (Annandalestraat) is oorlede.
3. Tillie van Tonder (Magnoliasingel) is in die hospitaal.
4. Johan van Schalkwyk (Van Aardestraat) sterk tuis aan na ‘n operasie.
5. Leonore Everts (Bosduifstraat) ervaar tans uitdagings met haar gesondheid en ondergaan volgende week toetse.
6. Liana Hough (Kransduifstraat) se pa is oorlede.
7. André Schreuder (Angelierstraat) is tans in die hospitaal.
8. Michael Prins (Kameeldoringstraat) sterk aan na operasie.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



17/05 Matie MacArthur, Karien Maré, Rina Davies, Emmie van der Vyver
18/05 Anél Clark, Kotie Geldenhuys, Daclan Jefthas, Hanro van Huyssteen, Dinky Janse van Rensburg
19/05 Marie Coetzee, Marietha Geldenhuys, Jacques Schreuder, Marianna Theron(84)
20/05 Francois Cillié, Petrus Wilders, Marinda Roberg, Nina Wassung, Elmarié Oosthuizen, Johan Smuts, Stéfan van Dalen, Fanie van Wyk
21/05 Tertia de Wet, Frederik Stapelberg, Romeene Buhr, Marie Gerber(82)
22/05 Sarie Dippenaar, Heléne Steenkamp, Jané Smit, Vissie Vermaak
23/05 Lynnel Schoeman, Esther Bedeker



# VAN ALLES EN NOG WAT

Die afbreek van die toring het begin waarna die nuwe toring gebou sal word. Konstruksie sal ongeveer 3 maande duur, afhangende van weersomstandighede.
Vir die duur van die konstruksie, sal daar ongelukkig geen toegang tot die Muur van Herinnering wees nie. Ons vra omverskoning vir enige ongerief.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

## Bybelverspreidingsfonds

Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie (STFA) het 'n Bybelverspreidingsfonds wat gemeentes subsidieer wat Bybels tydens 'n uitreik wil versprei. Die fonds betaal slegs vir Bybels – nie vir ander geestelike lektuur of die koste van die uitreik nie.

Die Saakgelastigde **/** ngkadmin@kaapkerk.co.za


# KOLLEKTE BY PINKSTERBIDURE

Die kollektes wat tydens Pinksterbidure (soggens en saans) opgeneem word,

word ook aan BYBELVERSPREIDING bestee.

# KOSMANDJIE

Soos ons almal weet, raak die lewe regtig nou duur. Daarom waardeer ons elke item wat u kan bydra tot ons kosprojek. Die produkte word uitgedeel aan gesinne in ons eie gemeente. Hierdie is 'n manier om anoniem te help. Baie dankie aan elkeen wat bydra, dit word opreg waardeer.



Die volgende items is tans laag :

| | | |
|---|---|---|
| melkpoeier | kondensmelk | vlapoeier |
| koffie 500g | aanmaak koeldrank 750ml | ontbytgrane |
| koekies | lekkers | koekmeel 1kg |
| bruismeel 500g | droë ertjies / boontjies | soppoeier |
| mince mate | kitspoeding | tamatiepasta |
| sout / peper / speserye | bief- / hoenderekstrak | blikkies tamaties |
| blikkies ertjies | blikkies tuna | kookolie 750ml |
| asyn 750ml | tamatiesous | blatjang |
| mayonnaise | toiletpapier | sjampoo (2 in 1) |
| aanrol – mans / dames | | |
| opwasmiddel | waspoeier | sponsies |

Nogmaals baie dankie vir elke item.

Mandjies vol groete

# BASAAR



## 30 Mei 2026



*Wat is 'n Basaar sonder*

***Boepensbroodjies ???***

*Kom geniet n smullekker maalvleis*

*Boepensbroodjie by De Eike basaar.*

## KLERE & VERE

NOOI JOU NA 'n WINSKOOP SKATTEJAG



Groot verskeidenheid dames-, mans- en kinderklere.

**Marietjie -082 920 1265**


Kindervermaak
Kom geniet jou gate uit!
KOMPETISIE
Smores versier
09:00-10:00 @ R15
Klippe verf
11:00-12:00 @ R15
Kulkunstenaar
10:00-10:45 @ R20
Ballonne @ R10
HEELDAG BESKIKBAAR:
In die gang is die volgende:
• Koeldranke
• Sweet Snack & Stack (sien advertensie)
• Lekkergoed tafel (sien advertensie)
Gesigverf @ R15


Lekkers & Soetgoed
Lekkers op stokkies, lekkers met stroop,
Soettande, onthou om jou lekkers te kom koop!
in die gang (by kerkkantoor)


MEI 2026
MA
DI
WO
DO
VRY
SAT
SON
Sweet Snack & Stack
09:00
R25
13 - 18 jariges kom kuier saam in die moederskamer, bou jou eie plaatkoekies en drink hot chocolate!
*Slegs R25 toegangsfooi

# BASAAR – 30 MEI 2026

EINDE VAN HIERDIE MAAND HOU DE EIKE BASAAR !!!

Hier is ‘n belangrike datum en reëlings waarvan jy moet kennis neem.
Uitstaande Basaarlyste – so spoedig moontlik na kerkkantoor neem.

21 Mei – **bestanddele** by kerkkantoor. Ons sal eersdaags sê wat ons nog benodig indien jy dalk wonder wat om te gee. Indien jy nie vervoer het om dit by kerk te kry nie, kontak ons gerus en ons maak ‘n plan.

**Kontantdonasies** kan nou reeds gedoen word. Doen EFT (bankbesonderhede verskyn hieronder), kontant in gemerkte koevert in kollektebord, inbetaal by kantoor of per kaart by kantoor.

**AKKERBLARE** is beskikbaar by die kerkkantoor gedurende die week. Sondag 17 en 24 Mei kan jy na afloop van die oggenddiens in die kerksaal Akkerblare koop.
Doen ‘n EFT vooraf en reël met die kerkkantoor waar en wanneer jy dit wil afhaal. Kaartbetalings kan ook gedoen word.

Ons benodig **leë roomysbakke** – 2 en 5 liter – bring na kerkkantoor of plaas in mandjies by deure.
As riglyn vir hoeveel Akkerblare jy moet koop, gee ons van die tafels se produkte se pryse solank vir julle. Ander tafels se pryse gaan wissel na gelang van produkte.

Die pryse van die kos wat by die basaar te koop gaan wees, is as volg:

| | |
|---|---|
| Hamburger | R40 |
| Boepensbroodjies | R25 |
| Kerrie & Rys - 500 ml | R50 |
| Pannekoek | R8 |
| Poeding | R25 |
| Slaaie | R30 |
| vetkoek - kerrie maalvleis | R35 |
| vetkoek - kaas en kontyt | R25 |
| Vetkoek - ongevul | R20 |
| Worsjorsies | R35 |
| Worsrolle | R30 |
| Kafee: Koffie, tee en warm sjokolade<br>Mini Tipsy en Sout Tertjie<br>Koeksister | R15elk<br>R5elk<br>R8 |



**BANKBESONDERHEDE**
Rekening in naam van:
NG KERK KUILSRIVIER-DE EIKE
ABSA BANK – takkode 632005
Rekeningnommer 3010590069
Verwysing vir donasies – naam + basaar
Verwysing vir Akkerblare – naam + AKKERBLARE

Stuur betalingsbewys na ngkeike@cybersmart.co.za

# DE EIKE JEUG

Ons Jeug kommissie samel warm klere en blikkies kos in vir ons *Winter Hoop* projek vir die behoeftige mense en kinders by Aksie Samaritaan. Veral kleiner mansklere is ‘n groot behoefte.

Daar sal ‘n houer by elk van die 2 hoof ingange wees waarin die skenkings geplaas kan word.  Merk asb julle donasies met *Winter Hoop*.

Dankie vir almal se ondersteuning hiermee!



# PREEKSKETS - SONDAG

## Tema: As daar geen Pinkster was nie, was daar ook geen…



**Prediker**: ds Adriaan Vogel

**Skriflesing:** 1 Korintiërs 12:4-7(2020 Vertaling)

"Wag eers!" Dit was die opdrag wat Jesus vir Sy dissipels gegee het. Om die presiese woorde van Jesus in Handelinge 1:4-5 aan te haal:

> …"Moenie uit Jerusalem weggaan nie, maar bly wag op die Vader se belofte wat julle van My gehoor het. [5] Want Johannes het wel met water gedoop, maar oor nie baie dae nie sal julle met die Heilige Gees gedoop word.""

Elke Christen moet weet dat hulle deur God geroep is om deel te neem aan Sy werke hier op aarde. Dit gesê, is dit belangrik om te onthou dat dit nie 'n taak is wat ons op ons eie aanpak nie. Dit word deur die krag, leiding, groei en ondersteuning van die Heilige Gees gedoen. Daarom is dit so belangrik dat ons moet weet hoe ons in die Gees groei en leef.

**Die vergete fees?:** Die viering van Christelike feesdae word soms met sekere probleme geassosieer. Paasfees is vakansietyd, Kersfees gaan vir sommige net oor geskenke en Pinksterfees… Ek dink Pinkster as geheel het soms die probleem dat dit "net kerklik" is. Hemelvaart is nie meer 'n vakansiedag nie en sommige mense skrik eers op die dag wakker om dit te onthou.

**Vandag se tema:** So vandag gaan ons dink oor, "As daar geen Pinkster was nie, was daar ook geen…". Met ander woorde, ons dink oor wat beteken Pinkster vir ons?

**Teks:** 1 Korintiërs 12:4-7

**Dit het verander:** Israel het oorspronklik in die tabernakel en tempel vir God gaan ontmoet. Dit was 'n spesifieke plek, onder spesifieke omstandighede. Met die Gees wat nou in ons woon is dit vir ons duidelik dat ons in 'n nuwe era van bediening leef.

**Net so belangrik soos die kruis?:** Verstaan ons hoe belangrik die verhaal van Pinkster is? Glo jy my as ek sê dis net so belangrik soos die kruis? Dit is 'n oomblik in die geskiedenis wat God se verhouding met die mens totaal verander het. Voel jy dit in jou lewe?

**Gebruik ons dit?:** Net omdat jy iets ontvang het, beteken nie jy maak daarvan gebruik nie. Vra maar net vir al die instrumente wat in die kas lê, of elke oefenmasjien wat net 'n klererak geword het.

**Pinksterweek:** In die week wat voorlê gaan ons kyk na die verskillende maniere hoe die Gees in ons lewe werk. Die gedagte is dat dit soos 'n spieël is wat voor ons gehou word, sodat ons kan onthou wat dit beteken om saam met God te leef.